



Wanneer alle sekerheid soos sand deur ons vingers glip

Teken in om 'n skakel na blitspos te ontvang

Nuus, berigte en kort kommentaar (uiters 100 woorde) aan produksie@nhk.co.za

Webblad van die Hervormde Kerk www.nhka.org

Die redaksie aanvaar verantwoordelikheid vir die inhoud. Menings deur skrywers uitgespreek, is egter nie noodwendig die beleid of standpunt van die Hervormde Kerk nie.

Wanneer 'n geliefde sterf, is dit merkwaardig hoe naasbestaendes en vriende telkens terugdink aan die persoon se woorde tydens die laaste weke van sy of haar lewe. Dit is asof mense se laaste woorde meer gewig sou dra as al die woorde wat hulle deur die loop van hul lewens kwytgeraak het.

Soms is laaste woorde nogal insiggewend. Winston Churchill se laaste woorde weerspieël iets van sy nederigheid. Hy het geoordeel dat sy lewe vir God en sy medemens 'n verleentheid was. Ludwig von Beethoven het meer selfvertroue gehad aan die einde. Sy laaste woorde was volgens oorlewering: *Vriende, klap hande, die vertoning is verby*. Laaste woorde kan ook by die absurde 'n draai gaan maak. Die Ierse digter Oscar Wilde sou skynbaar op sy sterfbed sê: *Óf hierdie muurpapier gaan, óf ek*.

Jesus se laaste klompie dae op aarde het verskeie kosbare gesprekke opgelewer. Al hierdie gesprekke het in sy volgelinge se gedagtes bly leef vir baie jare daarna en het 'n diep indruk op hulle gemaak. Die een gesprek wat my opnuut, veral in hierdie vreemde tyd waarin ons tans lewe, opval, vind ons in Johannes 14. *Vrede laat Ek vir julle na; my vrede gee Ek vir julle. Die vrede wat Ek vir julle gee, is nie die soort wat die wêreld gee nie. Julle moet nie ontsteld wees nie, en julle moet nie bang wees nie* (Joh 14: 27).

Wat is die vrede wat die wêreld tipies aan ons sou bied? Die vrede waarna die Joodse leiers gesoek het, was hoofsaaklik mag. In Johannes 11: 47 en verder word dit duidelik dat hulle erg benoud was oor die feit dat Jesus die Romeine so sou kon ontstel dat hulle die bietjie mag of beheer wat hulle gehad het, sou verloor.

Dalk is dit maar ons soeke ook. Ons streef dikwels na beheer. Beheer oor ons eie gesondheid deur medikasie en gepaste behandeling, beheer oor ons lewens deur wetgewing wat sin maak, beheer oor ons lewens met die hulp van genoeg geld. Ewe skielik in hierdie dae is al hierdie vorme van beheer uit ons hande geneem. Ewe skielik ervaar ons dat alle sekerhede, een na die ander, soos sand deur ons vingers glip.

Wat bly oor? 'n Vrede wat nie met normale maatstawwe gemeet kan word nie. 'n Vrede wat alle verstand te bowe gaan. 'n Vrede wat 'n mens se binneste oorspoel en in besit neem. Die vrede wat Jesus vir ons bring. Hierdie vrede het waarde vir die hede, maar dit het 'n duidelike element van hoop op die toekoms ook.

Hierdie vrede sê vir ons Jesus het gegaan, maar Hy kom weer, en in sy weggaan lê hoop en in sy koms lê hoop. Omstandighede kan 'n mens van baie dinge beroof. Jy kan geld, werk, gesondheid en vryheid verloor. Maar hierdie hoop kan niemand van ons wegneem nie, want dit is gebou op ons Heer en Verlosser self. *Aan My is alle mag gegee...* (Matt 28: 18). Die vrede wat Hy gee, is ons grepie op mag.

Jürgen Moltmann het hieroor gesê: *Van die begin tot aan die einde, en nie net in die slothoofstuk van ons geloof nie, is die Christelike geloof een stuk hoop. Dit kyk vorentoe en beweeg vorentoe, en gee ons daarom die krag om die hede te transformeer*.

**Ds David Barnard
Magaliesmoot**

Baie geluk, NHSV!

Die NHSV is Vrydag 22 Mei 80 jaar oud. 80 jaar waarin die vroue van die Kerk 'n onmisbare rol vervul het.

Die NHSV het uit die staanspoor daarop gefokus om vroue vir hul rol as gelowiges in die huisgesin, gemeentes en die gemeenskap toe te rus. In die jare toe vroue nie in die amp kon dien nie, was die NHSV dié platform waarvandaan vrouelidmate hulself kon uitleef om 'n beduidende rol in gemeentes te vervul. Selfs nadat vroue tot die ampte toegelaat is, het die NHSV steeds 'n prominente plek in die gemeentes ingeneem.

Dit is bykans onmoontlik om die waardevolle rol van die NHSV te beskryf. Naas die toerusting van vroue in gemeentes, streke en op nasionale vlak, het talle kerkgeboue verrys danksy die NHSV wat onvermoeid help fondse insamel het. Op nasionale vlak is ouetehuse met NHSV fondse gebou, bedryf en in stand gehou. Talle studente kon met hulp van die NHSV studeer, en soveel barmhartigheidswerk is danksy die NHSV verrig.

Hiermee ons hartlike gelukwense aan die NHSV, asook ons diepste dank en waardering vir onbaatsugtige en toegewyde diens.

Ons is tans in die wurggreep van Covid-19, wat enorme uitdagings stel. NHSV, bly by jul roeping en werk dinamies vorentoe!

Dr André Ungerer
Voorsitter: Kommissie van die AKV

Lief en leed

- **Ds Anna-Marie Kloppers** (Rustenburg Jac van Belkum) **se vader** is onlangs oorlede. Ons innige simpatie gaan aan ds Kloppers en haar familie.
- **Ds Eksteen Botes** (Nelspruit) is gehospitaliseer vir monitering en voorbereiding vir die verwydering van 'n gewas op sy slukderm. Ons bid hom spoedige en algehele herstel toe.
- **Mev Kitty Botha**, weduwee van ds TJ Botha (oorlede in 2016) en moeder van ds Hannelie Botha (redakteur van *Die Christelike Vrou*), is met hoë suiker- en infeksietelling in Unitas-hospitaal se intensiewesorgafdeling opgeneem. Ons bid haar spoedige beterskap toe.
- Mev Leonie Greyling, weduwee van ds Berend Greyling (oorlede Januarie vanjaar), se dogter, **Leonie van der Merwe**, is met lewercancer gediagnoseer. Sy ontvang reeds chemoterapie. Dit is dieselfde tipe kanker waaraan ds Berend oorlede is. Ons bid die familie die Heer se liefde en genade toe in hierdie moeilike tyd.
- **Prof Piet Geysler** (emeritus/Meyerspark) ontvang steeds intensiewe mediese behandeling. Ons bid hom, sy vrou Louise en hul familie die Heer se bystand toe.
- **Die volgende predikante verjaar tot 29 Mei, en word hartlik geluk gewens:**
 - Woensdag 20 Mei: Di HJ (Hendrik) Odendaal (emeritus), T (Theuns) Snyman (emeritus) en dr PJ (Piet) van Zyl (Ermelo)
 - Saterdag 23 Mei: Ds CJ (Johann) de Bruin (siekte-emeritaat)
 - Sondag 24 Mei: Dr RJ (Robert) Jones (Villieria)
 - Maandag 25 Mei: Di RP (Rudi) Botha (emeritus/Wesmoot), JJC (Johan) Koekemoer (Marble Hall) en DJD (Danie) Taljard (Sionshoogte)
 - Dinsdag 26 Mei: Ds J (Jackie) Dippenaar (beroepafwagting)
 - Woensdag 27 Mei: Dr PL (Piet) Steenkamp (emeritus)
 - Donderdag 28 Mei: Ds PA (Paul) van Jaarsveld (Wapadrant)
 - Vrydag 29 Mei: Ds P (Paula) Eksteen (Nederland)



Ds Eksteen Botes



Prof Piet Geysler



- **#hoop vir almal. Voorbidding vir Bybelgenootskappe**
 - **Swede** vra voorbidding vir die Bybelvertalings in inheemse en ander kleiner tale.
 - **Noorweë** het behoefte aan groter Bybelbetrokkenheid en dat God se Woord die harte van die mense, veral jongmense en kinders, sal bereik.
 - **Finland** is besig met 'n nuwe vertaling van die Nuwe Testament in hedendaagse Fins. Hulle vertrou dat diegene wat hierdie vertaling gaan lees, geloof, hoop en liefde sal vind.

Hierdie noodnommer is beskikbaar om dringende sake gedurende die Covid-19-noodtoestand in Suid-Afrika onder die aandag van die lede van die Bestuurskomitee te bring: 066 109 8308.

Gemeentes en bediening

- **Kategese in die inperkingstyd:** Die Bestuurskomitee vir SENTIK het kennis geneem van versoeke dat hulp gebied moet word vir ouers om self die kategeese van hul kinders waar te neem tydens die tyd van inperking. Omdat die geestelike opvoeding van ons jongmense ons na aan die hart lê, het ons besluit om elke week een les van elke ouderdomsgroep se handleiding vir kategete op die webwerf van die Kerk beskikbaar te stel. Die idee is dat ouers hierdie les gebruik om saam met hul kinders deur die lessies in hul kategeesehandleidings te werk. Ons het begin by Les 7, waar die meeste klassies se lesse min of meer sou opgehou het met die aanbreek van die inperking. Ouers kan die lesse bekom by die volgende skakel: <https://nhka.org/hulpbronne-gemeentes/>
- **Gemeente Bloemfontein-Wes** is op 6 Augustus 1970 gestig, en vier dus vanjaar hul **50-jarige bestaan**. Die **feestyd** strek van **6 tot 9 Augustus 2020**. Alle oudlidmate is hartlik welkom om die geleentheid by te woon. Hiermee ook 'n vriendelike versoek dat indien daar oudlidmate is wat foto's en ander memorabilia van die gemeente in hul besit het, hulle dit vir die gemeente beskikbaar sal stel vir gebruik tydens die feestyd. Rig navrae aan die skriba, oudl Willemien Bloem, by wilred6@gmail.com of die kerkkantoor by nhgbw@lantic.net. Meer inligting sal later volg.

Vergaderings

Belangrik: Bevestig vooraf dat beplande byeenkomste wel sal plaasvind, in die lig van Covid-19.

- Vrydag 22 Mei: TOIBO Ledevergadering (per video)
- Donderdag 28 Mei: Pensioenvergaderings
- Vrydag 29 Mei: Raad van Finansies
- Saterdag 30 Mei: ADV Kommissie (per video)

Kerklike publikasies

- Die **NHSV** vier haar **80ste bestaansjaar** op 22 Mei 2020. Volg hierdie skakel vir die feesboodskap deur die NHSV Dagbestuur – 80 jaar van seën: https://www.youtube.com/watch?v=z6n5_IO5WIY



Handleiding vir geloofsgesprekke

R100 (versending uitgesluit)

Dis nêr genade: Geloof kan berge versit is die NHKA se splinternuwe handleiding vir volwasse kategeese.

Bestel by sentik@nhk.co.za



'n Gedig

Die wandeling

En toe dit al donker was
het Hy opgestaan uit die slaap van die sinne
en afgedaal van die berg
en die verbaasde see gaan bewandel.
En die wind het jaloers met die water gestoei
en sy hare en klere verwaai
om te wys dat wind ook in tel is by Hom,
en Hy het gelag en hulle laat woed.
Tot Hy die skuit gesien het en hoe dit sukkel,
en dadelik was Hy
Christus: Jesus: hulp, hande, hawe –
En die see en die wind en die bang menseharte
het oombliklik bedaar,
en Hy het by hulle ingeklim, net een
donker liggaam meer,
en met plas van spane land toe gevaar.

Sheila Cussons

(Uit: *Die heilige modder*, 1988)

Barmhartigheid

- **Vakature: Senior Finansiële Bestuurder by Ons Tuis (NPC)**

Ons Tuis is 'n nie-winsgewende maatskappy wat bestaan uit verskeie selfsorg-/verswaktesorgfasiliteite wat geregistreer is ingevolge die Wet op Ouer Persone, 2006 (Wet No 13 van 2006). Die pos is geskik vir 'n talentvolle, dinamiese, gekwalifiseerde geoktrooieerde rekenmeester of iemand met gelykwaardige kwalifikasies en finansiële ervaring wat by Ons Tuis se finansiële span in Pretoria wil aansluit.

Die kandidaat se **verantwoordelikhede** behels die volgende:

Finansiële bestuur

- Finansiële boekhouding en kontrole.
- Stel begrotings saam, en doen vooruitskattings en bedryfstate vir die bestuur en direksie.
- Oudit-voorbereiding van finansiële jaarstate.
- Berei finansiële en bedryfsinligting voor vir maandelikse en kwartaallikse verslae en ad hoc finansiële verslagdoeningsinligting.
- Kontantbestuur.
- Skakeling met diensverskaffers.
- Verseker die toepassing van belasting- en toepaslike wetgewingsvereistes.
- Toesig oor en beheer van maandelikse betalings van salarisse, verskaffers en diensverskaffers.
- Bestuur van finansiële stelsels, infrastruktuur, verslagdoening en aanlyn-bankstelsels.
- Verseker dat beleide en prosedures in plek is rakende doeltreffende gebruik van verslagdoeningstelsels.
- Verstaan en monitor diensvlakooreenkomste (SLA) en kontraktuele ooreenkomste wat onderhandel is en verseker dat betalings in ooreenstemming is met ooreengekome koste en dienste.

Algemene finansies- en rekeninge-administrasie

- Voorsien finansiële en administratiewe vereistes van die onderneming, insluitende die volgende spesifieke take.
- Verantwoordelik vir alle boekhoufunksies.
- Verantwoordelik vir bestuursrekeningkunde, bankprosesse en beheer.
- Maandelikse rekonsiliasie van bankrekening.
- Maandelikse betalings van alle verskaffers na ontvangs van goedgekeurde fakture

- o afgeteken deur die besturende direkteur van die maatskappy.
- o Bepaling van aanlyn-bankstelsels en infrastruktuur.
- o Opstel van kwartaalike en jaarlike bedryfstate onder leiding van die besturende direkteur.
- o Verantwoordelik vir verkryging van lisensie vir finansiële programme en sagteware.
- o Koördinerende en beplanning van die jaarlike oudit.
- o Implementering van ouditeursaanbevelings.
- o Voorbereiding van oudit- en finansiële jaarstate.
- o Kommunikasie met ouditeure rakende hersiening en opdatering van oudit- en finansiële jaarstate.

Belasting

- o Voorbereiding en indiening van belastingopgawes.
- o Hersiening van maandelikse LBS-voorleggings.
- o Hersiening van LBS-rekonsilliasie (mid-jaar en jaarliks).
- o Hantering van algemene inkomstebelasting, BTW- en STC-navrae.

Maatskappy-sekretariële dienste

- o Lewering van 'n sekretariële diens aan die finansiële komitee van die maatskappy.

Die **vereistes** ten opsigte van **sluitelvaardighede en ondervinding** is soos volg:

- o GR (SA) met vyf (5) jaar ondervinding insluitende na-klerkskap-ervaring, of 'n ervare gegradueerde in finansies met minstens agt tot tien (8-10) jaar relevante ervaring.
- o Individue met vorige ervaring by ouersorgfasiliteite sal voorkeur geniet.
- o Ervaring van rapportering aan verskillende direksies/trustees sal bykomende voordeel wees.
- o Vlot Engels en Afrikaans.
- o Tegnieke kennis, insluitende kennis van rekeningkundige stelsels.
- o Kommersiële kennis van beleggings.
- o Goeie beplannings- en organiseringsvaardighede.
- o Sterk MS Office-vaardighede.
- o Proaktiewe, analitiese en noukeurige waarneming van werksaamhede.
- o Bestuurs- en leierskapsvaardighede.
- o Positiewe houding en sterk mensvaardighede.

Indien u belangstel om aansoek te doen en seker is dat u kwalifiseer ingevolge hierdie vereistes, stuur asseblief u CV na adm@otmt.org vir aandag mnr G Janse van Rensburg. **Die sluitingsdatum vir aansoeke is Vrydag 29 Mei 2020.** Indien u nie binne twee weke 'n antwoord ontvang nie, kan u aanvaar dat u aansoek onsuksesvol was. Die maatskappy behou die reg voor om die pos te vul of die pos na eie goeddunke te onttrek.

- **Gerrieshof in Rustenburg** het 'n **eenslaapkamerwoonstel** vir 'n bejaarde persoon beskikbaar teen R2 306 per maand. Dit is 'n ruim grondvloereenheid. Kontak mev Hannelie Fourie by 012 325 1857 x202.
- **Huis Frans Boshoff in Brooklyn** het 'n **eenslaapkamer-woonregeenheid** vir bejaarde persone beskikbaar teen R366 160 en 'n maandelikse heffing van R2 970. Die woonstel is geleë op die perseel van Machteld Postmus, naby winkelsentrums. Verskeie dienste word gelewer. Kontak mev Hannelie Fourie by 012 325 1857 x202.
- **Louis Trichardt-behuisingskompleks vir bejaardes** in Danville, Pretoria, bied kamergeriewe met drie etes per dag teen R4 435 per maand. Vir meer inligting, kontak mev Vicky Muller by 012 386 5310.
- **Ons Tuis (Andries Marié Oosthuizen) in Parys** het tans plek beskikbaar in die tehuise vir versorging van verswakte bejaardes teen R9 760 per maand. 'n Volledige versorgingsfasiliteit sluit in 24-uur-versorging, drie maaltye per dag en sekuriteit. Behuisingsfasiliteite teen R5 990 per maand is ook beskikbaar op dieselfde perseel; dit sluit drie etes en weeklikse wasgoed en skoonmaak van kamers in asook gratis deelname aan sosiale programme. Vir meer besonderhede, skakel matrone Teresa Broodryk by 056 811 2185.

- **Seniordal-aftreeoord**
Kieserstraat 126, Rietondale
2 eenslaapkamerwoonstelle te koop teen R520 000
1 eenmanwoonstel te koop teen R510 000
1 eenslaapkamerwoonstel te huur
Navrae: Ansie Joubert 012 329 4318 / 084 920 8723
Seniordalpta@gmail.com

Allegaartjie

“Ek is self in die 90 en daar is iets wat my ook diep hinder. Menslik gesproke is ons in die laaste weke en maande van ons lewe. En ons wat in tehuise of inrigtings bly, hoe wonderlik ook al, is totaal van ons familieledede afgesny. Daardie kloppende verbintenis tussen ouer en kind, vir elke kind eenmatig, vir elke ouer iets individueels, is uitgeskakel. Hierdie unieke persoonlike verbintenis is baie belangrik. Dit word uitgestuur van en na ouer en kind, na albei kante. Al is jy nie bewus daarvan nie. Al gebeur dit onbewustelik. Kinders word by die deur weggewys. Vra help nie. Dit is teen die wet om enige besoekers te ontvang. Ek kwyn daaronder. Telefone en video's en Skype en vele meer help, maar is nie genoeg nie. Dis ook nie dieselfde nie. Werklike verbintenis gaan veel dieper. Ek versoek u, maak beheerde besoeke van familieledede en volwasse kinders, al is dit een of twee keer, moontlik. Asseblief.”
(Elsa Joubert – 97 – in *Beeld*, 14 Mei 2020)

Toerusting

- **Brugbedieningskursus by UP**
Week 1: 27-30 Julie
Week 2: 9-12 November
Kursusleier: Prof Malan Nel
Koste: R2 500 (BTW ingesluit)
Plek: UP
Kursuspunte: 70
Navrae: Hesmarie Bosman, 012 420 4952 / hesmarie.bosman@up.ac.za

Fondsinsamelings

- **Gemeente Sasolburg-Suid: Wind-Ex**
September/Oktober (datum later bepaal)
Gesinspretdag en windbukskompetisie
Wen besondere mes – kaartjies R30 elk
Skakel Tobie by 083 327 1500 om deel te neem
Wenner word aangekondig op die gesinsdag
- **Plesion en Rata Maatskaplike Dienste**
Wen 'n motor: Datsun Go ter waarde van R154 000
Koop 'n pakket van 200 (R5 000), 50 (R2 500) of 70 (R3 500) boekies
Maak wins van 75% of 50%
Hou jou eie kompetisie en trek jou finaliste voor Augustus 2020
1 wenner uit elke pakket dring deur na finale sleutelpasgeleentheid
Finale sleutelpas op Rata se DRIVE FOR A CHILD Gholfdag
Later vanjaar by Silver Lakes (nuwe datum sal bepaal word)
Meer inligting: Ds Stephen de Beer (074 658 4630 / gsdebeer@gmail.com)
Diak Andries Pretorius (081 466 8691 / andries@rata.org.za)
Vir uitstallings van die voertuig, kontak diak Andries Pretorius



Betaalde advertensies in hierdie nuusbrief

Die koste vir advertensies is R250 per plasing (BTW ingesluit). Die verskuldigde bedrag moet uitgemaak word aan die Raad van Finansies, ABSA tjekrekening nommer 020-000-287, takkode 632-005, verwysing: u naam + blitspos. Neem kennis dat die redaksie in uitsonderlike gevalle mag besluit om 'n advertensie nie te plaas nie en die adverteerder se geld terug te betaal.

Meer besonderhede oor advertensies kan aangevra word van produksie@nhk.co.za.

Gebed vir die week

Here, Almagtige, Oneindige Skepper, Voleinder,
'n jaar is vir U net 'n oogwink,
maar vir ons is dit 365 dae lank, 'n lang pad.
Here, vir ons is elke jaar volgepak met goed en kwaad.
U is Here van elke uur en dag en jaar.
Maar ons is gevange slawe van die vervlietende tyd.
Here, en tog bring elke jaar ons nader aan U.
Mense word jaar vir jaar ouer, maar u kinders word jonger.
'n Jaar lê agter ons, vir altyd verby.
Plek-plek loop die pad pylreguit deur die vlakke,
ander kere met kronkelpaaie oor die steiltes,
vol slaggate, pap wiele, verpaste treine, verspeelde geleenthede.
Here, oor die geleenthede wat onbenut verbygegaan het,
sou ek wanhopig kon raak, as dit nie was dat U vergewe nie.

Here, elke dag is u genade nuut – sedert Noag se reënboog.
En is u goedheid nuut – sedert Jesus Christus.

Here, as U die hare op my kop getel het,
het U sekerlik ook my dae getel –
die minute en sekondes daarvan.
Alles hou U in die palm van u hand.
Here, ek dank U vir gesondheid in die jaar wat verby is.
Ek bid vir gesondheid in die een wat voorlê,
vir genoeg kos vir elke dag.
Maar veral bid ek om 'n honger na u Woord, na U self.

Dit sal weer 'n jaar wees vól van u genade.

Gebed uit Ghana

(Uit: *Die groot gebedeboek*, Piet Naudé 2014)